Hoërskool Zwartkop

●H/v Mopaniweg en Ou Johannesburgweg ●Privaatsak x 109 ● Centurion ● 0046
● Tel: 012 654 4747 ● wenners@zwarries.co.za ● www.zwarries.co.za

Geagte Ouer

SKOOLGELD VIR 2024

Na aanleiding van die ouervergadering wat op 26 Oktober 2023 gehou is, is die skoolgelde vir 2024 vasgestel en wil ons graag die besluit ten opsigte van die verhoging bevestig. Tydens hierdie vergadering is die voorgestelde begroting met 'n meerderheidstem goedgekeur.

Kragtens artikel 39 en 40(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet is beide biologiese ouers aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld.

Ons vestig u aandag op die volgende belangrike sake met betrekking tot die skoolgeld:

1. **SKOOLGELDE VIR 2024 – R37 800 per kind**
   Skoolgeld is jaarliks vooruit betaalbaar, maar mag maandeliks afbetaal word vanaf Januarie tot Oktober. **Sou ouers in enige stadium in versuim wees met die maandelikse betalings, is die totale jaar se skoolgelde onmiddellik opeisbaar en betaalbaar.**

2. **BETALINGSOPSIES VAN SKOOLGELD:**

Volledige vereffening voor / op **einde Februarie** **R1 000 korting**	**R36 800 per kind**	
Debietorderbetaling in 10 gelyke paaiemente **R1 000 korting** (R100 per suksesvolle aftrekking)	**R36 800 per kind**	**R3 680 x 10**
Maandelikse betalings per EFT of kaart. Geen kontantbetalings by die skool nie, slegs by die bank.	**R37 800 per kind**	**R3 780 x 10**

3. **ELEKTRONIESE INBETALINGS VIR SKOOLGELD**
   - Betaalbaar vanaf Januarie tot Oktober in 10 gelyke paaiemente, **R3 780** per maand.
   - Gebruik **slegs** u kind se verwysingsnommer wanneer skoolfondsbetalings gedoen word, bv: ***ZAR001***. Gebruik die verwysingsnommer + beskrywing vir ander betalings bv: ***ZAR001 Rugbytoer***.

U Verwysing is onder die bankbesonderhede op die skoolfondsstaat. ⇨ ***(gebruik ook hierdie verwysing met eposnavrae)***

   - Vir navrae oor die rekeningbesonderhede en verwysing kan u die Finanskantoor kontak by **(012) 654 8041 x 208** / finansies@hszwarries.co.za
   - Die bewys van betaling kan na vorster.m@zwarries.co.za gestuur word. ***Dit is nie nodig as u die regte verwysing gebruik nie.***

Bankbesonderhede:

Bank	:	**ABSA**	Tak	:	**Centurion**
Tak nr	:	**632005**	Rek. Nr	:	**2890 390 008**

4. **DEBIETORDERS (VORM AANGEHEG)**
   - Ouers word aangemoedig om betalings per debietorder te doen en R1 000 afslag te kry.
   - Epos voltooide vorm voor **15 Januarie 2024.** finansies@hszwarries.co.za

Bestaande debietorders kan hernu word vir 2024 deur vir my 'n e-pos te stuur as bevestiging.

5. **AANSOEK VIR VRYSTELLING VAN SKOOLGELD (moet jaarliks gedoen word)**
   - Volgens die nuutste wysigings soos gepubliseer in die Staatskoerant no. 2931 gedateer 18 Oktober 2006, mag ouers binne bepaalde voorwaardes kwalifiseer vir gedeeltelike of algehele vrystelling van skoolgelde.
   - Aansoeke vir rystelling kan by die skool afgehaal word en moet **voor einde Februarie 2024 ingedien word.**
   - In die bepaling van volle of gedeeltelike vrystelling neem die Beheerliggaam in terme van die regulasie van die staatskoerant **die bruto salaris van beide ouers in berekening** as 'n persentasie van die skoolgeld.
   - Die departement vergoed nie die skool vir vrystellings nie, dit is die skool se verlies en die betalende ouers se las. 'n Minimum van R 3 500 per kind is betaalbaar vir die basiese onderwysgeleenthede.

6. Ten einde die ordelike bedryf van die skool te verseker, is dit afhanklik van die stiptelike betaling van skoolgeld deur die ouers. Soos tydens die Algemene ouervergadering van 26 Oktober 2023 met ouers gedeel, laat die maandelikse kontantvloeibegroting van die skool nie ruimte vir skoolgeldverpligtinge wat agterstallig raak nie. Die beheerliggaam (aan wie die skoolgeld betaalbaar is) mag net soos enige ander verskaffer van goedere en dienste die nodige aksie neem om hierdie gelde te vorder en sal enige dispuut, meningsverskil of eis wat gebasseer is op 'n likiede eis of dokument, voortspruitend uit, of in verband met hierdie ooreenkoms, besleg word deur die proses van Arbitrasie. Die dispuut, meningsverskil of eis sal ingedien word by die "South African Chamber of Arbitration", wie die Arbiter sal aanstel om die dispuut / verskil / eis te besleg volgens die Reëls vir "Speedy Arbitration of Financial Claims", welke beskikbaar is op www.arbitrationsa.co.za. Enige uitspraak gelewer deur die "South African Chamber of Arbitration" is finaal en bindend op die partye en sal geen van die partye 'n reg hê tot enige appél rondom die uitspraak nie. Enige uitspraak deur die arbiter van die "South African Chamber of Arbitration" is ten volle afdwingbaar deur enige gepaste hof met die nodige jurisdiksie.

Deur die getroue betaling van skoolgeld word verseker dat onderwys van hoogstaande gehalte gelewer kan word. Skoolgeld betaal vir alle bedryfsuitgawes, instandhouding en uitbreidings aan die skool.

Die beheerliggaam is dankbaar vir 'n ouergemeenskap vir wie gehalte onderwys 'n prioriteit is.

By voorbaat dankie vir u ondersteuning.

Zwarrie-groete

Lizl Hartmann
Finansies - Debiteure

DR. D. STRYDOM
SKOOLHOOF

MNR. JV VAN DER MERWE
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

HOËRSKOOL ZWARTKOP
VAKBELADINGS 2024

	Per Jaar R	Maandelikse X 10 Paaiemente
Dans Akademie Gr 8 & 9	R 4 500	R 450
Dans Akademie Gr 10 - 12	R 5 000	R 500

HOËRSKOOL ZWARTKOP

DEBIETORDER 2024

U Verwysing
ZAR001

Epos: finansies@hszwarries.co.za

LEERDERBESONDERHEDE		VERWYSINGS NO. VAN KIND/FAMILIE:	
	Eerste Leerder	**Tweede Leerder**	**Derde Leerder**
Naam en Van			
Graad in 2024			
Skoolgeld	**R3 680 (per maand) (R100 Korting ingereken)**	**R3 680 (per maand) (R100 Korting ingereken)**	**R3 680 (per maand) (R100 Korting ingereken)**
Dans (ingesluit by debietorder)			
TOTAAL			

BANKBESONDERHEDE VAN OUER/VOOG:	
VOORLETTERS EN VAN, VAN REKENINGHOUER	
BANK	
REKENINGNOMMER	
TIPE REKENING (Tjek, Transmissie, Spaar)	

DATUMS VIR AFTREKKINGS (merk asb duidelik u keuse)

- ☐ 26 Januarie tot 26 Oktober 2024, op die 26ste van elke maand
- ☐ 2 Februarie tot 2 November 2024, op die 2de van elke maand
- ☐ 15 Januarie tot 15 Oktober 2024, op die 15de van elke maand
- ☐ 15 Februarie tot 15 November 2024, op die 15de van elke maand

Hiermee gee ek volmag dat Hoërskool Zwartkop die bogenoemde bedrae per debietorder mag verhaal vanaf my bankrekening **(soos hierbo aangedui)** vanaf _____ 2024 **(Datum van 1ste aftrekking)** tot _____ 2024 **(Datum van laaste aftrekking).**

VOORWAARDES:

1. Indien 'n debietorder 'n tweede keer geweier word, word dit gekanselleer en word ek aanspreeklik gehou vir die volle skoolgeld.
2. Hierdie magtiging kan deur my gekanselleer word deur u 30 dae skriftelik kennis te gee.
3. Ek erken dat die party wat hiermee gemagtig is om die trekking(s) teenoor my rekening te behartig, geen van hulle regte aan 'n derde party mag afstaan of sedeer sonder my skriftelike toestemming nie, en dat ek geen van my verpligtinge ingevolge hierdie kontrak aan 'n derde party mag delegeer sonder die skriftelike toestemming van die gemagtigde partye nie.

Onderteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20____.

_____ _____

HANDTEKENING VAN REKENINGHOUER **KONTAKNOMMER**

EPOS: _____